# Oktober 2024






Past Gustav
en
Charmaine
van Aardt
082 462 1282
082 3 789 123

**Liewe gemeente**

Ons vertrou dit gaan goed met u, en dat u ook opgewonde is oor die nuwe seisoen wat aangebreek het. Die jaar het baie vining gevorder en is besig om uit te loop.

Ek wil u opnuut aanmoedig om aan te hou om die Here te dien en u beste vir die Here te gee. Ons is elkeen in 'n wedloop betrokke, en ons moet dit bly hardloop. Ons gemeente is ook veronderstel om die lig en goeie nuus van Jesus Christus uit te dra en ook siele vir Sy Koninkryk in te bring. Somtyds raak ons so vining in ons eie begeertes en behoeftes verstrengel, en vergeet ons wat vir die Here eintlik belangrik is.

Ek is op die oomblik besig met 'n reeks oor die pad van voorsiening en finansiële voorspoed. Ek glo dat u dit baie geniet en ook baie leersaam vind. As u van die boodskappe gemis het, maak gerus 'n plan om na die voriges te luister. Die Here is besig met ons gemeente, en Hy praat met ons almal dat ons weer moet gaan kyk hoe ons ons finansies bestuur en ook waarop ons spandeer. Saam met dit kom die boodskap ook dat die Here ons wil seën, maar ons moet gehoorsaam wees en Sy voorwaardes nakom.

Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Kom ons vergeet nie om mekaar se laste te help dra nie. Daar is van ons mense wat die laaste paar maande geliefdes aan die dood afgestaan het. Kom ons vergeet hulle nie, en wees daar vir hulle. Daar is ook van ons mense wat siek is en hulle in die hospitale bevind. Ons bid dat die Here hulle sal aanraak met Sy genesende hand, en nuwe krag sal gee.

Moet nie vergeet om ons Manne en Susters byeenkomste by te woon nie, asook ander aktiwiteite wat afgekondig word. Kom ons groei saam as liggaam en dra ook so suksesvol die visie van ons gemeente uit.

Baie dankie vir u tiendes en offerandes wat u getrou bly gee vir die werk van die Here. Oktober is ook dankoffer maand, en dit is altyd 'n spesiale geleentheid om terug te kyk oor die jaar en in dankbaarheid ekstra te gee vir die werk van die Here. Mag die Here u ryklik seën vir wat u gee.

Baie seën en liefde,

**Past Gustav en Charmaine van Aardt**

Die **1ste Sondag aand** van elke maand het ons 'n **Sangdiens** om 18H00. Kom loof en prys saam die Here.

6 Okt

**Oktober hoogtepunte:**

19 Okt Seniors en Sondagskool 09H00

19 Okt Streeksraadsvergadering 10H00

26 Okt Manne byeenkoms 09H00

Susters: Woensdae om 10H00

Gemeente biduur: Woensdae om 18H30

Sondagskool: Sondae oggende 08H30

AGS Rayton se Visie

**"Ons volg Jesus Christus, die lig van die wêreld, deur te wandel soos kinders van die lig."**



| Dag | Okt 2024 | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 | Jonalta | Raaths | 067 757 9656 | Kind |
| 6 | Dina | Janse van Rensburg | 0823945744 | Senior |
| 7 | Rhuan | Botha | 083 528 2039 | Volw |
| 8 | Zak | Lewis | 076 214 6549 | Volw |
| 10 | Matthew | Coetzee | 083 321 0809 | Tiener |
| 10 | Jeanné | Coetzee | 083 321 0809 | Volw |
| 11 | Hennie | Du Plessis | 060 976 7727 | Volw |
| 12 | Elize | Higgo | 081 809 3179 | Senior |
| 17 | Megan | Hoekstra Pieterse | 072 153 3383 | Volw |
| 25 | Marius | Harmse | 082 316 1490 | Volw |
| 26 | Chiola | Campbell | 084 951 9513 | Volw |
| 28 | Tanya | Pool | 082 334 6669 | Volw |
| 28 | Yolandi | Myburgh | 082 842 7797 | Volw |
| 30 | Zenobia | Louw | 072 818 0667 | Kind |

**Omgeegroep**

Vrydae aande by Dr Alwyn en Elsa van Heerden.

4 Worlds Country Estate, Cullinan reg oorkant Zonderwater gevangenis se tweede ingang. 19:00-20:00
Konktak: 0836388828

Almal welkom!






**Ons preke is gratis beskikbaar by: https://www.ags-rayton.co.za/ Of op ons WhatsApp groep.**

**AGS Rayton**
**NEDBANK**
**Rekening nr: 1620 217 031**
**Kode: 162050**

**Baie geluk aan almal wie se pragtige kindertjies onlangs ingeseën is!!**



**Jean-Eric en Tanya Pool met Aleya**



**CJ en Amy Celliers met Clara**



**Zander en Denise Reitsema met Kaylee**